

Tema 6: Jy mag nie moord pleeg nie

GESELS SAAM

1. Het jy al ooit 'n dier/insek doodgemaak?
2. Wat is die dinge in die lewe wat jou die kwaadste maak?
3. Het jy hierdie week tyd gekry om net bietjie oor jouself te dink?

LEES SAAM

Die sesde gebod sê: "Jy mag nie moord pleeg nie."

- Lees Matteus 5:21-26

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeeltes het vir jou uitgestaan?

Hopelik het nie een van ons al fisies moord gepleeg nie, maar Jesus kom en hy maak hierdie gebod baie moeiliker. Liefde vir jou vyand is een van die mees radikale boodskappe van die Christelike geloof.

2. Het iemand jou al ooit beledig of sleg gesê? Hoekom het dit jou laat voel, Hoe het jy dit hanteer/verwerk, het daardie woorde nog steeds 'n invloed op jou?
3. Besef jy dat jy soms dinge sê wat jy nie bedoel nie en dan spyt is oor dit wat jy gesê het? Het jy al ooit gaan jammer sê in sulke gevalle?
4. Lees weer verse 23-24. Wat leer ons hier van Jesus se prioriteite wat is vir hom die belangrikste?

Nie een van ons kan sê dat ons nooit mens seermaak nie, ons almal is soms maar lelik met ander mense. Verse 25-26 gaan eintlik daaroor dat ons vinnig moet wees om ons ¹foute te erken, ²jammer moet sê en ook ³regmaak (skik) wat ons gebreek het.

5. Vind jy dit maklik of moeilik om hierdie drie goed te doen? En is jy geneig om verantwoordelikheid vir jou aksies te vat, of blameer jy maar maklik ander?

Probeer om Kolossense 2:20 te memoriseer hierdie week.

"CHALLENGE" VIR DIE WEEK

Sodra jy hierdie besef dat jy iets verkeerde gedoen het, gaan sê vir die betrokke persoon hard en duidelik: "EK is baie jammer."

Tema 7: Jy mag nie egbreuk pleeg nie

GESELS SAAM

1. Hoe gaan die jaar sover by die skool?
2. Het iemand jou al ooit aangevat dat jy oneerlik was in 'n toets, maar jy was onskuldig?
3. Wat dink jy van sportmanne/vroue wat "cheat"?

LEES SAAM

Die sewende gebod sê: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie."

- Lees Matteus 5:27-30

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeeltes het vir jou uitgestaan?
2. Wat beteken die woord egbreuk vir jou?

Daar is 'n groot kans dat jou ouers dalk geskei is en niemand hoef aan jou te verduidelik hoe slegs/seer dit is nie? Onthou altyd dat dit nie jou skuld is nie, al voel dit dalk soms asof dit is.

3. Wil jy eendag trou en kinders hê? Hoeveel? Seuntjies of dogtertjies of albei?
4. Het 'n ou of meisie al ooit op jou of jou vriend/vriendin gecheat? Wat kan mens in daardie situasie sê om dit beter te maak? Moet mens iets sê?

Jesus spreek baie duidelik ook "lust" hier aan in verse 28-30. Die Rooms-Katolieke kerk het sewe dodelike sondes, waarvan "lust" een is. Lees Matteus 6:22-23

5. Wat beteken hierdie twee verse vir jou?

Jy is dalk nog nie getroud nie, maar Jesus vra jou om jou ook om nie op jou eie liggaam te "cheat" nie. Moenie in stilte met hierdie goed worstel nie. Praat daaroor met iemand wat jy vertrou.

Probeer om Matteus 6:22 te memoriseer hierdie week.

"CHALLENGE" VIR DIE WEEK

Maak jou dadelik toe as jy iets sien wat jou in die versoeking bring en bid dadelik daaroor. "Jesus vat asseblief hierdie gedagtes weg."

Tema 8: Jy mag nie steel nie

GESELS SAAM

1. Het jy al ooit iets gesteel? Wat? Waar? Hoe?
2. Het iemand al ooit iets van jou gesteel? Wat? Waar? Hoe?
3. Hoe gaan dit met jou gebedslewe?

LEES SAAM

Die agtste gebod sê: "Jy mag nie steel nie."

- Lees Lukas 19:1-10

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeeltes het vir jou uitgestaan?
2. Wat is die ding wat jy die graagste wil hê, maar wat jy nie het nie?

Die storie "Robin Hood" sê dat hy geld by die rykes gesteel het om die armes te help?

3. Dink jy mens kan ooit dit regverdig om iets te steel? Hoe? Hoekom?

Sê nou maar jy kon 'n manier kry om elke week R1000 iewers te en jy weet niemand gaan jou uitvang nie.

4. Sal jy dit aanhou doen, of dink jy jou gewete sal jou te veel pla?

Saggeus het heel moontlik die mense ekstra belasting laat betaal en van daardie geld in sy eie sak gesteek. Mens steel gewoonlik omdat jy nie tevrede is met dit wat jy het nie, jy wil meer hê.

5. Is jy geneig om ontevrede te wees met dit wat jy het? Soek jy altyd nog iets? Hoekom dink jy is dit jou antwoord?

In die "Onse Vader" (Matteus 6:9-13) lees ons, dat ons moet vra vir ons daaglikse brood. Dit wat ons vandag nodig het, niks meer nie, niks minder nie. Vra vandag vir Jesus om tevredenheid binne jou te kweek.

Probeer om Matteus 6:11 te memoriseer hierdie week.

"CHALLENGE" VIR DIE WEEK

Bid hierdie week vir ons regering en die rol wat bedrog in ons land speel.

Tema 9: Valse getuienis

GESELS SAAM

1. Het jy al ooit iets gesteel? Wat? Waar? Hoe?
2. Het iemand al ooit iets van jou gesteel? Wat? Waar? Hoe?
3. Hoe gaan dit met jou gebedslewe?

LEES SAAM

Die negende gebod sê: "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie."

- Lees Matteus 5:33-37

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeeltes het vir jou uitgestaan?

Baie mense jok eintlik baie meer as wat hulle wil erken, baie van die leuens is nuttelose leuens. Bv. Ma, ek's net gou by Cresta, maar dan is jy eintlik by jou vriend se huis.

2. Is jy geneig om sulke "nuttelose leuens" te vertel?

Die teksgedeelte gaan daarvoor om 'n eed te maak. Dit is basies om te sê: Ek belowe ek jok nie vir jou nie.

3. Was jy al ooit in 'n situasie waar jou ouers of vriende jou nie meer geglo het nie? Hoekom het dit gebeur en hoe het dit jou laat voel?
4. Hoekom, dink jy, sê Jesus in vers 37 "Wat meer gesê word as dit, kom van die bose."

Lees Johannes 8:44

5. Dink jy daar kom wel 'n tyd of situasie wat dit reg sal wees om 'n leuen te vertel? Verduidelik.

Leer hierdie week die eerste deel van Spreuke 13:5 uit jou kop uit.

"CHALLENGE" VIR DIE WEEK

As jy hierdie week 'n "nuttelose leuen" vertel, probeer so gou as moontlik dit regstel deur die waarheid te praat.

Tema 10: Jy mag nie begeer nie

GESELS SAAM

1. Wat sal jy red as julle huis afbrand en jy net tyd het om een ding te gryp?
2. Wat is jou gunsteling soort kar?
3. Wat kon jy hierdie week dalk beter gedoen het?

LEES SAAM

Die tiende gebod sê: "Jy mag begeer nie."

- Lees Matteus 6:19-21 & 25-34

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeeltes het vir jou uitgestaan?

Oortreding van die ander gebooie begin baie kere by begeertes.

2. Verduidelik hoe jy dink begeerte die begin kan wees van ander oortredings (van die 10 gebooie)? *Bv. Moord pleeg omdat jy iemand se geld begeer.*

Die tiende gebod en jaloesie gaan baie nou gepaard.

3. Was jy al ooit jaloers op iemand anders? Hoekom en hoe het dit jou maak voel?
4. Vers 20 praat van skatte in die hemel, wat beteken dit vir jou?

Dit is nie sleg om iets te wil hê nie, maar begeer beteken dat dit jou lewe oorneem en jy aan niks anders kan dink nie. Jy MOET dit kry. Jesus sê in verse 25-34 dat ons altyd genoeg sal hê, want Hy sal vir ons sorg. Dit beteken dat dankbaarheid die teenmiddel is teen om te begeer.

5. Wat is die verskil tussen iets wat jy nodig het en iets wat jy wil hê? Is dit vir jou moeilik om die twee te onderskei?

Leer hierdie week Matteus 6:21 uit jou kop uit.

"CHALLENGE" VIR DIE WEEK

Elke keer wat jy hierdie week iets sien wat jy wil hê, sê vir jouself: "Ek het genoeg en as God dit wil, sal ek dit kry, maar ek het die nie NODIG nie."

Tema 11: Almal het gesondig

GESELS SAAM

1. Sal jy eerder swem, kamp, rotsklim, fliiek of sokkie? Hoekom?
2. Vertel iets wat niemand van jou weet nie?
3. Gee jou groepleier 'n kompliment? (iets mooi wat jy in hom/haar raaksien.)

LEES SAAM

Paulus verduidelik die rol van die wet in die Nuwe Testament

- Lees Romeine 3:9-29

LEER BY MEKAAR

1. Wat in die teksgedeeltes het vir jou uitgestaan?

Jou familie/vriende (Kategorie A) aanvaar jou vir wie is is, hopelik... Baie ander organisasies of instansies aanvaar jou as gevolg van jou optrede. Jou skool (Kategorie B) aanvaar jou, omdat jy nie die reëls breek nie, as jy die reëls te veel keer breek, word jy geskors.

2. Dink jy ons verhouding met Jesus val in kategorie A of B? Hoekom sê jy so?
3. Is dit vir jou goed om te hoor dat ALMAL gesondig het? Maak dit jou rustiger, of meer angstig oor jou geloof?
4. Ons almal sukkel met verskillende sondes, is jy bereid om van jou sondes voor die ander te bely? (**Waarskuwing: Moenie te persoonlik raak nie, as dit goed soos seks, pornografie, "ek sny myself", depressie ens. is, is dit beter om dit met een of twee mense te deel wat jy vertrou. Nie vir die hele groep nie.**)
5. Laat dit jou beter of slegter voel as jy hierdie dinge voor ander mense bely?
Lees Jakobus 5:16

Leer hierdie week Jakobus 5:16 uit jou kop uit.

"CHALLENGE" VIR DIE WEEK

Wees hierdie week "Quick to repent". Dit beteken dat jy vinnig is om jammer te sê as jy sonde doen. Hoe vinniger, hoe beter.